
7 JUNIE 2026

# TORINGKERK NUUS

EREDIENS | GELOOF AS REIS EN NIE NEDERSETTING NIE | GEN. 12:1-9



God anker ons harte, en nie waar ons onsself fisies bevind nie.

# KERRIE & RYS WEGNEEM-ETE

Ons hou weer 'n geleentheid om heerlike **kerrie en rys wegneem-etes** te bestel en af te haal, **Vrydag 19 Junie,** tussen **17:00 & 19:00**. **R50** per bakkie.

***Bestel nou al aanlyn by: www.tkmarkietie.co.za of direk by Anna-Marie in die kerkkantoor.***





# 'OM DIE TAFEL' OMGEEGROEP

Ons begin 'n omgeegroep vir jong volwassenes. Ons eerste samekoms is hierdie **Woensdagaand, 10 Junie om 18:30 in die bo-saal**. Ons sal nog besluit op dag en gereeldheid van groep, maar vir nou wil ons net eers bymekaar kom en hoor wat elkeen se behoefte is.

***Ons berei iets voor vir elkeen om te eet so laat weet asb vir Jana teen Maandag 17:00 of jy gaan bywoon.***

# THE CHOSEN

Ons gaan weer aan met die reeks, The Chosen. Elke **Sondagaand om 17:30 in die Kapel.** Gebruik asb die agterste kerkdeur aan die kantoor se kant om in te kom.

Ons kyk 'n episode en dan bespreek ons dit saam. Ons is gewoonlik so teen 19:00/19:30 klaar. Ons wil jou aanmoedig om te oorweeg om by te woon. Die reeks het al ongelooflik baie beteken vir mense itv om Jesus nog meer persoonlik te beleef en 'n beter greep te kry op Sy bediening.

***Raak deel van die whatsapp groep op die TK gemeenskap.***



# Safari Kerk

## 2026



**28 JUN** — **DRAKENSTEIN**
**09:00**



**5 JUL** — **STROOIDAK**
**09:00**



**12 JUL** — **TORINGKERK**
**09:00**



**19 JUL** — **PAARL-VALLEI**
**09:00**

# SAFARI KERK

Safari-kerk is ‘n samewerksgeleentheid saam met vyf ander gemeentes in die Paarl wat nou al vir ses jaar plaasvind. Toringkerk, Strooidak, Agter-Paarl, Drakenstein en Paarl-Vallei deel elke jaar die Junie/Julie vakansie op onder die gemeentes en bied 4 uit die 5 gemeentes dienste aan gedurende die vakansie. Dit roteer jaarlikse so almal kry ‘n beurt. Dis soos ‘n Safari-ete, ons doen dit net met kerk. Ons kry dan geleentheid om mekaar te besoek en na ander predikante ook te luister. Hier is die program.

***Let asb op die tyd en dat al die dienste in die vakansie om 09:00 begin.***






# WINTER HOOP

Baie dankie aan elkeen wat bestandele en flessies geskenk het vir hierdie projek. Ons het redelik voorraad nou weer. Ons waardeer dit baie.

Ons kort nog warm komberse en klere, so as jy het bring asb kerkkantoor toe. Elke item word goed gebruik!

# PERSOON NODIG OM NOTULE TE NEEM

Ons benodig iemand om notule te neem by ons Eiendomsbedienings-vergadering. Dit geskied so een keer per maand vir ‘n uur lank. Ons sal dit baie waardeer.

***Kontak vir Anna-Marie vir meer inligting.***




# MARKIETIE VERGADERING

Die Markietie vergader weer volgende **Maandag, 8 Junie, om 18:30 AANLYN. Maak asb seker jy is op die markietie groep op ons Whatsapp Gemeenskap om die skakel te ontvang**.

As jy jou naam opgesit het om te help of jy het gedagtes en energie en jy wil betrokke raak, woon asb die vergadering by.

Dankie vir elkeen wat reeds skouer aan die wiel sit vir hierdie jaar se sukses!






# MARKIETIE TAFEL-KOÖRDINEERDERS

Ons kort nog 'n paar koördineerders vir van die tafels/ stalletjies. Sal jy asb oorweeg om hand op te steek om voor te vat met die bemanning en reëlings rondom die een van die tafels? Dit vra nie van jou om 'n finansiele bydra te maak nie, dit is bloot praktiese reëlings en saamwerk met die groter Markietie span. Ons het lyste op hierdie Sondag in die voorportaal van die kerk waar jy jou naam kan opskryf. Alternatiewelik kan jy die kerkkantoor kontak en jou naam daar ingee.

Tafels koördineerders word benodig by:

- Koffie, tee, hot chocolate
- Koeldranke
- Samoesas en spring rolls
- Boereworsrolle
- Nachos
- Vetkoeke

# KINDERKLEINGROEPE & GEMEENTE BESOEK RUSOORD

Ons gaan weer by Rusoord kuier en ons gaan almal saam BINGO speel. Jy wil dit nie mis nie! **Sondag, 14de Junie direk na die erediens**. Ons stap sommer almal saam en almal in die gemeente is welkom. As Toringkerk gemeenskap wil ons graag die geleentheid skep om iets saam te doen wat almal gaan geniet, en wat is beter as BINGO!

***Vir meer inligting kontak vir Stefan.***



# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

- 07 Jun Keithan Cupido
- 07 Jun Arno De Beer
- 07 Jun Adriaan Koegelenberg
- 07 Jun Ewald Pagel
- 07 Jun Lenae Struwig
- 07 Jun Karin Venter
- 07 Jun Francois Willemse
- 08 Jun Nicolette Hoffmann
- 08 Jun Dian Nel
- 08 Jun Jackie Rabe
- 08 Jun Susan Voges
- 09 Jun Bertie Bekker
- 09 Jun Janke le Roux
- 09 Jun Carla Smit
- 09 Jun Pieter Troost
- 09 Jun Nita Volschenk
- 11 Jun Monique Mostert
- 11 Jun Corné Olivier
- 11 Jun Petro Watson
- 12 Jun Oliver Cooper
- 12 Jun Gertruida Hayes
- 12 Jun Carine Schultheiss
- 12 Jun Arno Schwartz
- 12 Jun Alanda Wessels
- 13 Jun Duncan Bollmann
- 13 Jun Chris Bornman
- 13 Jun Chrisell Kenyon
- 13 Jun Retha le Roux
- 13 Jun Suzette Steyn
- 13 Jun Louis Junior Wessels
- 13 Jun Johan Wiese

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Ons tema is: Afsluiting!

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag van na kerk tot 11h30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk is Dinsdae-aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 07 Jun**
1 Kor 10:16-17

**MAANDAG, 08 Jun**
Matt. 7:24-27

**DINSDAG , 09 Jun**
Joh. 6:67-69

**WOENSDAG, 10 Jun**
Luk. 8:40-56

**DONDERDAG, 11 Jun**
Koll. 2:6-13

**VRYDAG, 12 Jun**
Joh. 13:1-15

**SATERDAG, 13 Jun**
Eff. 3:14-21

**SONDAG, 14 Jun**
Matt. 9:36 - 10:8

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE KOLLEKTE: NUWE GELOOFSGEMEENSKAP

Die NGGO-taakspan (binne die NG en VG kerkfamilie) begelei gemeentes om nuwe geleenthede vir vars, missionale maniere van "kerk-wees" te ontdek en te implementeer.

- **Visievorming:** Hulle help gemeentes om nuwe geleenthede in hul spesifieke konteks raak te sien.
- **Praktiese Begeleiding:** Die span besoek gemeentes wat nuwe geloofsgemeenskappe wil begin – hetsy weens nuwe demografiese ontwikkelings of behoeftes binne die bestaande gemeente.
- **Veilige Ruimte:** Deur opleiding en netwerke help hulle leiers om nuwe maniere van kerk-wees te beproef, terwyl die eenheid van die breër kerk altyd beskerm en bevorder word

# KALENDERBORG: JUNIE


African Mutual Trust Company
AM TRUST

*Trusts*
*Testamente*
*Boedelbestuur van oorledenes*
*Boedelbeplanningsdienste*

021 860 1500
25 Van Der Lingen Street, Paarl
trust@amtc.co.za | wills@amtc.co.za

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.